

9 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 17:14-27

Jesus openbaar Hom steeds as die Een wat mag het ook oor die duiwels, maar steeds gehoorsaam is as landsburger

Die dissipels was in verleentheid, want hulle kon nie die geestelikversteurde kind gesond maak nie. Jesus is hartseer daarvoor dat hulle geloof so klein is.

Die dissipels wil weet hoekom hulle nie in staat was om die duiwel uit te dryf nie. Jesus wys hulle daarop dat hulle geloof te klein is. Hulle onmag lê in hulle ongeloof. As hulle maar die geloof van 'n mosterdsaadjie gehad het, sou dinge wat menslik onmoontlik is moontlik gewees het. So 'n klein saadjie ontwikkel tot 'n groot boom. 'n "Klein" opregte geloof kan met God se genade groot dae laat gebeur.

In Jesus se openbaring van sy mag is Hy ook as mens gehoorsaam. Volgens Eks 30:13,14 moet elke manlike Israeliet van twintig jaar en ouer belasting betaal. Jesus het nog nie die geleentheid gehad om te betaal nie, maar word nou in Kapernaum vol venyn gevra hoekom Hy nie belasting betaal nie. Jesus verduidelik met 'n beeld dat 'n koning tog nie van sy seun belasting verhaal nie. Hiermee wys Hy daarop dat Hy die Koning oor die wêreld is en daarom tog nie belasting hoef te betaal nie. Maar om nie aanstoot te gee nie, gee Hy opdrag dat Petrus 'n vis moet gaan vang en dat hy in sy bek genoeg geld sal kry om die belasting vir homself en vir Jesus te betaal.

Sing: Psalm 119:5

Ds GS Kruger (Centurion)